

KONINKRYK

LES 20

1 GEBED

Bid vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

2 UITWISSELING (20 minute) [STILTETYE] PSALM 23, 24, 25 en 27

Maak beurte en vertel/deel (of lees)kortliks wat jy in een van jou stiltetye uit die aangewese Bybelgedeeltes geleer het (Psalm 23, 24, 25 en 27). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

3 MEMORISERING (5 minute) [SLEUTELVERSE IN ROMEINE] (7) ROMEINE 5:1-2a

Repeteer twee aan twee:

(7) Romeine 5:1-2a. God het ons dan nou vrygespreek deurdat ons glo. Daarom is daar nou vrede tussen ons en God deur ons here Jesus Christus . Deur Hom het ons in die geloof ook die vrye toegang verkry tot hierdie genade waarin ons nou vasstaan.

4 BYBELSTUDIE (85 minute) [DIE BRIEF AAN DIE ROMEINE] ROMEINE 5:12-21

Inleiding. Romeine 5:1-11 is 'n samevatting van sommige seëninge van die regverdiging (vryspraak). Romeine 5:12-21 benadruk die wettelike (juridies) status (posisie) van die Christen, naamlik, dat hy in die oë van God geregverdig (vrygespreek) is.

STAP 1. LEES. GOD SE WOORD

Lees. Ons gaan Romeine 5:12-21saam bestudeer.
Laat elke groeplid om die beurt één vers uit die Bybelgedeelte voorlees.

STAP 2. ONTDEK. WAARNEMINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEID IN DIE GEDEELTE IS VIR MY BELANGRIK?

Of: WATTER WAARHEID IN HIERDIE GEDEELTE RAAK MY VERSTAND OF MY HART?

Skryf neer. Ontdek een of twee waarhede in hierdie Bybelgedeelte wat jy begryp. Dink daaroor na en skryf jou gedagtes neer in jou Bybelstudie notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en neer te skryf, laat hulle in die kring beurte kry om te vertel wat hulle ontdek het.

Die volgende is voorbeelde van ontdekkings. Waarskynlik sal die groeplede ander ontdekkings maak as hierdie.

5:12-19

Ontdekking 1. Die vergelyking tussen Adam en Christus illustreer dat God met mense omgaan, nie alleen op basis van hul individualiteit (hul werke) nie, maar ook op basis van hul solidariteit met Adam of Christus (hul posisie).

Daar is 'n opvallende ooreenkoms tussen “ons (sonde)val in solidariteit met Adam” en “ons regverdiging in solidariteit met Christus”. Die regverdiging van alle mense wat in Jesus Christus glo, word *geïllustreer* met die sondeval van alle mense wat van nature van Adam afstam. Presies soos “die sonde, veroordeling en dood” waaraan alle mense in die wêreld onderworpe is, nie verklaar kan word in alleen maar individualistiese terme nie, maar alleen deur hul solidariteit met (dit is, deur hul fisiese afstamming van) Adam, so kan “die geregtigheid, die regverdiging en die lewe” waaraan alle Christene in die wêreld deel, nie verkry word deur hul individuele (geloofs)inspanning nie, maar alleen deur hul solidariteit met (dit is, deur hul posisie in) Jesus Christus!

(1) Vers 12 verklaar alleen die eerste gedeelte van die vergelyking,

“Soos mense-verbonde-aan-Adam verdoem is,

(so is mense-verbonde-aan-Christus geregverdig)”.

Soos die sonde van Adam (sy ongehoorsaamheid) die onvermydelike gevolge van verdoemenis en dood vir

alle-mense-wat-van-Adam-afstam tot gevolg het, so bring die geregtigheid van Christus (sy gehoorsaamheid) die onvermydelike gevolg van die regverdiging en lewe vir alle-mense-wat-in-Jesus-Christus-glo (Romeine 5:18-19)!

(2) Vers 13-14 verklaar dat die één oortreding van Adam die oorsaak was vir die (sonde)val van alle mense.

Dit is die eerste tussensin (grammatiese inlassing wat nie aan die vorige sin verbonde is nie). Die feit dat alle mense op die aarde al gesterf het lank voordat die wet aan Moses geopenbaar is (1446 v.C.), bewys dat die oorsaak van die sondeval nie die individuele sondes van die mense (hul oortredings van die wet) was nie, maar dat die één oortreding van Adam die oorsaak van die sondeval was. Adam is daarom die verteenwoordiger of hoof van alle mense op die aarde wat van nature gebore word. Toe Adam in sonde geval het, het die hele menslike geslag in sonde geval!

Adam was 'n voorbeeld (*patroon of tipe*) van Jesus Christus wat nog moes kom. So is Jesus Christus *die Verteenwoordiger of Hoof van alle mense op die aarde wat geestelik wedergebore word* (wat glo in Jesus Christus)(Johannes 1:12-13). Adam en Christus is twee historiese figure in die openbaring van God se verlossingsplan: Adam het die verlossing noodsaaklik gemaak en Christus het die verlossing werklik gemaak.

(3) Vers 15-17 verklaar dat die ooreenkoms tussen die sondeval en die verlossing nie heeltemal parallel is nie.

Dit is die tweede tussensin. Dit verklaar dat die ooreenkoms tussen die sondeval aan die een kant en die verlossing aan die ander kant nie heeltemal parallel is nie. Die werk van genade van Jesus Christus is naamlik baie groter in (inhoudelike) omvang en in rigting dan die vernietigende werk van Adam!

(4) Vers 18-19 verklaar die hele vergelyking, "Soos alle mense verbonde aan Adam verdoem is, so is alle mense verbonde aan Christus geregverdig (vrygespreek)".

Soos die oortreding van Adam (sy sondeval) gelei het tot die verdoemenis van al sy natuurlike afstammelingen (alle mense in die geskiedenis), so het die geregtigheid van Christus (sy dood en opstanding) gelei tot die regverdiging (vryspraak) van alle gelowiges in Jesus Christus (d.w.s. alle mense wat God se genadige gawe bestaande uit die geregtigheid van Christus ontvang het (Romeine 5:17)). Soos deur die ongehoorsaamheid van Adam God alle natuurlike mense tot sondaar verklaar het en hulle as sondaars beskou en behandel, so het God deur die gehoorsaamheid van Christus alle gelowiges in Jesus Christus volkome regverdig verklaar en beskou en behandel hulle as volkome regverdig.

5:20-21

Ontdekking 2. 'n Samevatting van die teenstelling tussen die sonde van die mens en die genade van God.

(1) Die wet is aan die één oortreding toegevoeg om die oortredinge nog meer te maak.

Die wet het bygekom om die oortredinge nog meer te maak" (Romeine 5:20) "Die wet is aan die genadeverbond van God met Abraham toegevoeg in die periode tussen Adam en Christus (in 1446 v.C.) (Galasiërs 3:17,19). "Die wet" bestaan hier uit die hele Mosaïese Wet, die hele georganiseerde godsdienssisteem van die Ou Testament. Vóór die eerste koms van Christus en vóór geloof in Jesus Christus 'n werklikheid geword het, "was die hele wêreld 'n gevangene van die sonde." Selfs die gelowiges gedurende die Ou-Testamentiese periode is *voortdurend* deur die wet gevangene gehou (Grieks: *froureó*) en bewaak (as 'n gevangene opgesluit) (Grieks: *sugkleiό*) totdat die tyd van die geloof sou aanbreek." Die wet was die leermeester om mense tot Christus en tot die regverdiging deur die geloof te lei" (Galasiërs 3:22-24). Hierdie wet is toegevoeg, nie as 'n middel om die ewige lewe te verkry nie, maar met die doel dat mense die erns van die sonde en die dood en die noodsaak van 'n Verlosser sou gaan besef. Hoe meer kennis 'n mens van die wet gehad het, des te groter was sy verantwoordelikheid, omdat "waar daar 'n wet is, is daar ook oortreding van die wet" (Romeine 4:15). Hoe meer die wet in die hart en in die verstand van die mens gewerk het, des te groter het sy weersin teen God geword en des te meer het hy die regverdige geboorte van God oortree (Romeine 7:8,11,13). Dus, die enige bydrae wat die wet tussen Adam en Christus gehad het, was om die sondes en oortredings te vermeerder!

(2) Die toename van die sonde van die mens maak die genade van God nog oorvloediger.

God se plan was om wat goed is uit wat sleg is voort te bring. Hy het toegelaat dat die sondes van mense vermenigvuldig (deur dat hulle die wet nie gehou het nie en ook nie kon hou nie), sodat sy genade nog oorvloediger sou wees! "Hoe meer die sonde geword het, hoe oorvloediger het die genade geword" (Romeine 5:20). Al die sondes in die wêreld het die geleentheid geword om die wonderlikste demonstrasie van God se genade te gee. In plaas van die sonde het die genade gaan heers deur die geregtigheid van Jesus Christus wat Hy deur sy dood en opstanding verwerf het en daarna deur sy Gees in die lewens van gelowiges toegepas het!

Alhoewel die wet nog steeds 'n baie effektiewe middel is om die kwaad wat mense doen te vermenigvuldig (sien Romeine 7:7-8), is God se genade 'n baie meer effektiewe middel (dan die wet) om sowel die geregtigheid as die lewe te produseer! Alhoewel die kwaad in die wêreld nog steeds baie groot is en die dood in die volste betekenis van die woord (die geestelike dood, liggaamlike dood en ewige dood) veroorsaak, is die invloed van God se geregtigheid in die wêreld veel groter en veroorsaak lewe in die volste betekenis van die woord (die wedergebore nuwe lewe wat groei en lei tot die volmaakte ewige lewe).

Die heilsame invloed van God se genade oortref baie keer die kwade invloede van die sonde. God se genade produseer meer goed in die wêreld dan die kwaad wat die sonde produseer. 'n Groeiende aantal mense word gered en verander deur genade. Die invloed van die kwaad op die wêreld deur Adam se sondeval word ver oortref deur die invloed van wat goed is wat die eerste koms van Jesus Christus gebring het!

STAP 3. VRAAG.

UITLEG

Oorweeg. WATTER VRAAG UIT DIE BYBELGEDEELTE SOU JY AAN DIE GROEP WIL STEL?

Kom ons probeer om so veel as moontlik waarhede in Romeine 5:12-21 te begryp en vrae te stel oor dit wat ons nog nie begryp nie.

Skryf neer. Formuleer jou vraag so duidelik moontlik deur gebruik te maak van vraagwoorde (wie? wat? waarom? hoe?) en skryf jou vraag in jou notaboek.

Deel. Nadat die groeplede ongeveer twee minute tyd gehad het om na te dink en hulle vraag neer te skryf, laat hulle elkeen 'n beurt kry om hulle vraag te lees.

Bespreek. Bespreek so veel moontlik van hierdie vrae met mekaar.

Die volgende is voorbeelde van vrae en aantekeninge wat die beantwoording kan vergemaklik.

5:14

Vraag 1. Wat bedoel Paulus as hy sê dat Adam 'n voorbeeld (patroon, tipe) was van die komende Jesus Christus?

Aantekeninge. Die apostel Paulus leer dat elke mens in die wêreld in 'n bepaalde verhouding ten opsigte van Adam en van Christus staan. Deur die een oortreding van Adam is alle mense in God se oë verdoem. En deur die een regverdige daad van Christus (sy dood en opstanding) is alle gelowiges in Christus in God se oë regverdig.

Romeine 5:12 word verskillend uitgelê, omdat mense verskillende gedagtes het oor die verhouding tussen die daad van hul voorvader en die gevolge daarvan vir die nakomelinge van daardie voorvader.

(1) Die moderne tyd lê die nadruk op die individualisme.

In die teenswoordige tydperk van die individualisme verwerp mense die gedagte dat daar enige verband bestaan tussen die sonde van hul voorvader en die gevolge daarvan vir sy nakomelinge. Hulle beweer dat elke individu alleen verantwoordelik gehou mag word vir sy eie slegte daade en as gevolg daarvan alleen maar ly vir sy eie sondes¹.

Hul uitleg van Romeine 5:12 is as volg: Die eerste mens wat 'n persoonlike sonde begaan het, was Adam. Daarom verdien alleen hy om te ly en te sterwe. Die sonde en die dood het vir die eerste keer in die menslike geskiedenis ingekom deur Adam. Al sy nakomelinge het alleen maar sy slegte voorbeeld gevolg! Ook hulle het persoonlike sondes gepleeg en gesterf as gevolg van hulle eie sondes. Alleen die slegte voorbeeld van Adam veroorsaak die sondeval van alle mense.

(2) Die Bybel leer sowel ons solidariteit² met mekaar as ons persoonlike verantwoordelikheid.

Daar is beslis 'n verband tussen die sondes van die voorvader en die gevolge daarvan vir sy nakomelinge. Die Bybel leer dat elke individu verantwoordelik is vir sy eie slegte daade (sondes) en die gevolge daarvan, nie alleen vir homself nie, maar ook vir sy nakomelinge! Die Bybel gee 'n aantal voorbeelde:

Die profete Esegïel en Jeremia. Die Israëliete wat in ballingskap in Babilon geleef het, het die skuld vir die ballingskap aan die sondes van hul voorouers gegee. Hulle het gesê: “Die vaders eet groen druiwe, en dan word die kinders se tande stomp” (Esegïel 18:2). Die profeet Esegïel het die verantwoordelikheid van elke mens (individu) vir sy eie sondes en die gevolge daarvan benadruk. “Dit is die mens wat sondig wat sal sterf” (Esegïel 18:4). Elke sondaar sal vir sy eie sondes sterf. Ook die apostel Paulus leer dieselfde: “God sal elkeen vergeld volgens sy daade” (sien Romeine 2:6)!

Die Israëliete het hul onskuld bly verdedig: “Waarom sê die Here sal Hy al hierdie groot rampe oor ons bring? Hoe het ons teen die Here ons God oortree?”

- **Solidariteit:** “Omdat jul voorvaders My al verlaat het, sê die Here. Hulle het agter ander gode aangeloop en dié gedien en geëer. Julle voorvaders het My verlaat en my wet nie onderhou nie” (die solidariteit met die sondes van die voorvaders).
- **Individualiteit:** “En julle (as individue) het erger aangegaan as hulle, julle het elkeen sy eie harde kop gevolg en nie na my geluister nie.”

Daarom sal Ek julle uit hierdie land uitdryf na 'n land toe waarvan julle nie weet nie en waarvan julle voorvaders ook nie geweet het nie” (Jeremia 16:10-13). Die profeet Jeremia het sowel die individuele verantwoordelikheid vir eie sondes as die solidariteit met die sondes van die voorvaders benadruk.

¹ Die invloed van Hindoeïsme (New Age filosofie) op die Westerse denke. Dit leer karma-samsara: alleen die werke van elke individu bepaal sy toekomstige inkarnasie.

² Woordeboek: elke individu is gebonde aan die geheel. Die erfsonde.

Daarom het God die Israëliete as individue en as 'n volk (solidariteit) vir hul sondes gestraf en hulle as individue en as 'n volk in ballingskap na Babilon gestuur.

Die Tien Gebooe in Eksodus 20 benadruk die solidariteit van elke mens met alle ander mense in die menslike geslag.

- Solidariteit in die seën: Aan die een kant spoor die Tien Gebooe mense aan tot persoonlike gehoorsaamheid aan God se gebooe, omdat gehoorsaamheid aan God se gebooe positiewe invloed op hul nageslag gehad het. In Eksodus 20:6 belowe God dat Hy “liefde betoon tot aan die duisendste geslag van dié wat Hom liefhet en sy gebooe gehoorsaam.”
- Solidariteit in die vloek: Maar in Eksodus 20:5 waarsku Hy ook dat Hy die persoonlike sondes van die vaders sal toereken aan die kinders tot in die derde en die vierde geslag van dié wat Hom haat.” Elke dag kan ons die invloed van die vaders op hul kinders sien op gebiede van ongehoorsaamheid aan die wette van 'n land, misbruik van alkohol en dwelmmiddels, onwettige seks, kriminaliteit, rasisme, haat en godsdienstige ekstremisme!

Daar is dus solidariteit tussen ons en ons kinders en kleinkinders. Die Bybel leer nie alleen die persoonlike verantwoordelikheid van elke individu nie, maar ook die solidariteit van elke individu met sy gesin, sy godsdienstige groep, sy gemeenskap, sy volk en selfs met die hele menslike geslag in die wêreld. Wat met ander mense gebeur, het beslis invloed op wat daar met my gebeur! En wat daar met my gebeur, het beslis invloed op wat daar met ander mense gebeur!

In **Romeine 5:12-19** benadruk die apostel Paulus die (natuurlike) solidariteit van alle mense met hul voorvader (Adam) en die (geestelike) solidariteit van alle Christene met hul Verlosser (Christus)! Hy leer dat wat met Adam gebeur het in vloed het op alle mense wat aan die menslike geslag behoort. En hy leer dat wat met Christus gebeur het ook invloed het op alle mense wat aan Jesus Christus behoort. Daarom noem Paulus Adam “'n voorbeeld (patroon, tipe)” van die komende Jesus Christus. Die persoonlike oortreding (sonde) van Adam en die gevolge van sy ongehoorsaamheid (die dood in die volste sin van die woord) het 'n effek op elke mens wat natuurlik gebore is. Net so het die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus en die gevolge van sy gehoorsaamheid (naamlik die ewige lewe in die volste betekenis van die woord) 'n effek op elke mens wat wedergebore is (d.w.s. wat in Jesus Christus glo) (Johannes 1:12-13). Die persoonlike oortreding van Adam het tot die (geestelike, fisiese en ewige) dood vir alle mense gelei. Net so lei “die ontvangs van die genade en die gawe van geregtigheid (vryspraak)” (wat deur die gehoorsaamheid van Christus verwerf is) tot heerskappy in die ewige lewe vir elke mens wat in Jesus Christus glo.

In Romeine 5:12-19 maak Paulus geen teenstelling tussen die sonde en dood van die enkeling Adam met die sonde en dood van alle mense wat na hom geleef het nie. Intendeel, hy maak 'n teenstelling tussen die sonde en dood wat Adam vir alle mense in die wêreld gebring het met die geregtigheid en lewe wat Jesus Christus vir alle gelowiges in Hom gebring het.! Die solidariteit van 'n natuurlike mens met Adam word gestel teenoor die solidariteit van 'n gelowige met Christus.

In vers 19 sê hy dat deur die ongehoorsaamheid van die een mens, Adam, het baie mense sondaars geword” (letterlik: word baie mense tot sondaars gereken) (Grieks: kathistémi). Die woord “kathistémi” beteken: “volgens die wet beskou as”. Die één oortreding van Adam het baie mense (d.w.s. alle mense) (vers 18) volgens die wet in die staat van beskuldiging, d.w.s., in die staat van sondaar gestel. “Sondaar” beteken “'n mens wat God se doel mis”, “'n mens wat die juiste verhouding tot God, tot ander mense en tot homself mis omdat hy nog nie in Jesus Christus glo nie” (sien Johannes 16:9). “'n Sondaar” mis 'n persoonlike verhouding met die God van die Bybel, mis God se doel/bedoeling vir sy lewe en mis God se heilige en regverdige kenmerke in sy lewe, omdat hy nog nie geword het nie wat God wil dat hy moet word. In die oë van die God van die Bybel is niemand heilig en regverdig nie! God verklaar, beskou en behandel elke natuurlike mens as “'n sondaar” op grond van die één oortreding van Adam.

In vers 19 sê Paulus ook dat deur die gehoorsaamheid van die één mens, Jesus Christus, “word baie mense as regverdig gereken” (Grieks: kathistémi). Die één daad van gehoorsaamheid van Christus (Johannes 10:11), het baie mense (d.w.s. alle mense wat in Jesus Christus glo, d.w.s. wat die oorfloed van die genade en die gawe van die geregtigheid ontvang het) (Romeine 5:17-18), in die staat van vergewing (geregtigheid) gestel. In die oë van die God van die Bybel is alle wedergebore Christene regverdig (vrygespreek)! God verklaar, beskou en behandel elke gelowige in Jesus Christus as “'n regverdige (vrygespreekte) op grond van die één gehoorsame daad van Jesus Christus (sy dood en opstanding).

Paulus leer dat netsoos alle mense van nature gesondig het in solidariteit met hul verteenwoordiger, Adam, en as gevolg daarvan in solidariteit met Adam tot die dood verdoem is, so het alle gelowiges in solidariteit met hul Verteenwoordiger, Jesus Christus, gesterf en opgestaan uit die dood. Die geregtigheid (vryspraak) wat Hy verwerf het is aan die gelowige toegereken (toegeskrywe) (2 Korintiërs 5:17).

Natuurlik het alle mense nie letterlik en werklik deur Adam gesondig nie en het alle gelowiges in Christus ook nie letterlik en werklik met Christus gesterf en uit die dood opgestaan nie. Maar die één sonde van Adam word aan juridies en werklik aan alle mense toegereken (toegeskryf). Netso word die dood en opstanding van Jesus Christus juridies en werklik aan alle Christene toegereken (toegeskryf) as die dood van hul ou lewe en opstanding van hul nuwe lewe.

Hoe behoort Christene “solidariteit” te beskou? “Solidariteit” is meer as alleen maar *die sondige voorbeeld van Adam navolg*.

In Psalm 51:5 sê Dawid dat hy met 'n sondige natuur gebore is. En in Job 14:4 sê Job dat “niemand kan rein uit onrein laat voortkom nie”. Nie alleen Adam se sondige voorbeeld nie, maar ook Adam se sondige natuur word aangegee aan al sy nakomelinge in die menslike geslag. Adam se sondige daad word aan alle mense toegereken (toegeskryf).

En in Romeine 5:12-19 sê Paulus dat nie alleen Adam se sondige natuur, maar ook Adam se sondige staat (wetlike of juridiese posisie) aangegee word aan al sy nakomelinge in die menslike geslag.

Dus, alle mense in die geskiedenis het 'n aandeel in die sondige voorbeeld van Adam, maar ook in die sondige daad, sondige staat en sondige natuur van Adam³!

5:15-17

Vraag 2. Hoe is die werk van Christus groter dan die werk van Adam?

Aantekeninge. Romeine 5:15-17 verduidelik dat die ooreenkoms tussen “die val in die sonde” en “die verlossing van die sonde” nie heeltemal parallel is nie. Die genadige verlossingswerk van Christus is baie groter in (*inhoudelike omvang en in rigting*) dan die vernietigende werk van Adam.

(1) Die genadige verlossingswerk van Christus is baie groter in omvang dan die vernietigende werk van Adam (Romeine 5:15-16)!

Christene word verlos van:

- die gevolge (die dood in die volste betekenis van die woord) van Adam se één oortreding (die erfsonde)
- die gevolge van die talryke eie oortredings
- die gevolge van die talryke oortredings deur ander mense.

Die gevolge is: skuld en veroordeling, skande en verwerping, onreinheid en siekte, nederlaag en ewige straf (verdoemenis)!

Die één oortreding (en nie al die ander oortredings) van één mens (Adam) word toegereken aan al sy nakomelinge, sodat alle nakomelinge “onregverdig” (skuldig) verklaar word. Sy ongeregtheid het niks wat goed is vir die mens gebring nie. Om sy geregtigheid te bewys, het God in sy verdraagsaamheid die sondes wat voorheen (vóór die eerste koms van Christus) plaasgevind het, verby laat gaan (ongestraf laat bly) (Romeine 3:25-26).

Maar alle oortredings (sonder uitsondering) van alle gelowiges word toegereken aan hul één Verteenwoordiger (Christus), sodat al sy geestelike nakomelinge (die Christene) “regverdig” (vrygespreek) verklaar word! Sy geregtigheid het onnoemlik baie goeds (voordeel, nut) aan ‘ontelbare aantal gelowiges in Christus gebring.

Dus is de omvang van God se genadige verlossingswerk baie maal groter as die omvang van Adam se vernietigende werk!

(2) Die genadige verlossingswerk van Christus is baie positiewer in rigting dan die vernietigende werk van Adam (Romeine 5:17).

Die oortreding van Adam het gemaak dat almal en alles in 'n negatiewe rigting beweeg, na 'n regverdige veroordeling” en “die dood” in die volste betekenis van die woord. Maar die regverdiging wat Christus verwerf het, het gemaak dat almal en alles in 'n positiewe rigting beweeg, na “genadige regverdiging” en “lewe” in die volste betekenis van die woord! Dit bewys dat God baie liever genade skenk as oordele uitspreek (Esegiël 18:23; 33:11; Romeine 5:15,20). Paulus erken die negatiewe werking van die oordeel. Die oordeel werk meedoënloos, sodat baie mense (geestelik, fisies en ewig sterwe!

Maar Paulus erken ook die positiewe werking van die genade. Die genade maak nie alleen die negatiewe werking van die oordeel en dood ongedaan nie, maar maak die teenoorgestelde, die regverdiging en die lewe oorvloedig! Die volbragte verlossingswerk van Jesus Christus het nie alleen die wetlike/juridiese posisie van die mens in God se oë vanaf die absolute negatief na die nullyn gebring nie, maar eerder van die absolute negatief na die absolute positief! Die sonde voer heerskappy deur die veroordeling tot die dood (die verdoemenis), maar die genade voer heerskappy deur die geregtigheid tot die lewe (die ewige lewe)(Romeine 5:21)! God se oordeel het baie groot gevolge, maar God se genade het nog groter gevolge! Christene word nie alleen gered (verlos) van die dood en sinloosheid nie, maar word ook gered (verlos) tot die besit van die ewige lewe ingeslote 'n ewige sinvol lewe en sinvolle taak op die nuwe aarde!

“God se barmhartigheid triomfeer oor die oordeel” (Jakobus 2:13)!

5:18

Vraag 3. Waarom leer die Bybel nie dat alle mense in die wêreld gered sal word nie?

Aantekeninge. As vers 18 uit sy verband gehaal sou word, *dan sou dit die universele verlossing geleer het:* “Soos alle mense wat op die aarde geleef het wetlik veroordeel is op grond van die een oortreding van Adam, so is alle mense wat op die aarde geleef het wetlik geregtig op grond van die een regverdige daad van Christus.”

Die woorde “alle mense” in die Bybel beteken nie altyd “elke individu wat sonder uitsondering op die aarde leef nie”.

³ Teologies noem ons dit die “erfsonde”.

(1) Die universele uitdrukking “almal” moet beperk word deur die noodsaaklike voorwaarde wat aan die sien verbind is.

Romeine 5:17 sê dat die voorwaarde vir regverdiging is om “die oorfloed van die genade en die gawe van geregtigheid te ontvang.” So leer die res van die Bybel dat “alleen mense wat Jesus Christus aanneem (in Hom glo) gered (verlos) sal word (sien Johannes 1:12-13; 3:16-18,36).” Dus, die Bybel leer geen universele verlossing nie! Die voorwaarde vir verlossing is geloof in Jesus Christus (met leë hande Christus aanneem).’

(2) Die universele uitdrukking “almal” moet beperk word deur die aard van die onderwerp of die konteks.

Byvoorbeeld, in Markus 1:37, 5:20, en 11:32 moet die woorde “almal” beperk word tot die mense wat in die konteks bedoel word, want: “Nie almal op die aarde soek Jesus nie”. “Nie almal op die aarde was verbaas oor wat Jesus gedoen het nie.” En “nie almal op die aarde het geglo dat Johannes die Doper ’n profeet was nie”.

So moet die woorde “veroordeling vir alle mense” in Romeine 5:18 beperk word tot “alle mense wat op natuurlike wyse van Adam afstam, omdat Jesus Christus die uitsondering vorm! Netso moet die woorde: “die vryspraak en lewe vir alle mens” beperk word tot mense wat deur die geloof aan Jesus Christus verbonde is (sien 1 Korintiërs 15:22-23). Paulus dink nie aan getalle nie, maar aan die manier waarop God se plan werk! God veroordeel alle mense wat aan Adam verbonde is, maar Hy regverdig (spreek vry) alle mense wat aan Jesus Christus verbonde is.

(3) Die universele uitdrukking “almal” word gebruik om die sondige houding van eksklusiwiteit van die Jode in die algemeen te bestry, wanneer hulle beweer dat hulle beter as die nie-Jode (heidene) is.

Paulus benadruk dat daar essensieel geen verskil tussen Jood en nie-Jood is nie.

- “Alle mense” wat gered (verlos) word, word op presies dieselfde manier gered, ongeag of hulle oorspronklik Jode of nie-Jode (heidene) was (Handelinge 10:34-35; Romeine 2:11; 3:22; 10:12)! Almal wat in Jesus Christus glo, het die ewige lewe, maar almal wat nie in Jesus Christus glo nie, staan al onder God se oordeel (Johannes 3:18,36; 1 Johannes 5:11-13).
- “Alle mense” kan alleen maar dieselfde God as God hê (Romeine 3:29-30).
- “Alle mense” wat gered is, kan maar tot één volk van God behoort (Johannes 10:16; 1 Korintiërs 12:13; Galasiërs 3:28; Efesiërs 2:11-22; 3:2-6; Kolossense 3:10-11; Openbaring 21:9-16). Alle Jode en nie-Jode wat glo in Jesus Christus is “broeders” van Jesus Christus (Matteus 12:50; 25:40; Hebreërs 2:11-12).

Die uitdrukking “almal” in Efesiërs 1:10, Filippense 2:10 en Kolossense 1:20 het uitleg nodig.⁴

STAP 4. DOEN.

TOEPASSINGS

Oorweeg. WATTER WAARHEDE IN HIERDIE BYBELGEDEELTE HET MOONTLIKE TOEPASSINGS VIR CHRISTENE?

Deel en skryf neer. Kom ons hou ’n dinkskrum en stel ’n kort lys saam van moontlike toepassings uit Romeine 5:12-21.

Oorweeg. WATTER MOONTLIKE TOEPASSING WIL GOD HÊ DAT JY PERSOONLIK MOET TOEPAS?

Skryf neer. As jy ’n persoonlike toepassing maak, skryf dit dan neer in jou Bybelstudie notaboek. Het jy die vrymoedigheid om hierdie persoonlike toepassing met andere te deel of nie?

(Let wel dat hoewel ’n waarheid dieselfde bly, daar ’n hele aantal verskillende toepassings van hierdie waarheid moontlik is. Hier volg ’n lys van moontlike toepassings.)

1. Voorbeelde van moontlike toepassings uit Romeine 5:12-21.

5:12. Besef dat God nie alleen my baie persoonlike (individuele) sondige dade, maar ook my sondige status (posisie) en my sondige natuur (toestand) as gevolg van my solidariteit met Adam as “ongeregtigheid” toereken.

⁴ Die woord “almal” leer NIE universele versoening in die betekenis van universele verlossing nie. Sonde het die heelal met alles daarin geruineer. Sonde het die harmonie tussen God en sy skepsels en tussen skepsels onderling geruineer. Deur die bloed van Christus word die “sonde” in beginsel oorwin. Die eis van die wet (God se regverdige regseis) is bevredig (Romeine 3:25). Die vloek op die skepping is gedra (Galasiërs 3:13). Met die gevolg dat vrede en harmonie herstel is. Die heelal word herstel tot haar juiste verhouding tot God en in die sin dat Christus heers oor die hele skepping in die belang van die Gemeente/Kerk en die heerlijkheid van God. As beloning vir sy volmaakte gehoorsaamheid, is Christus na die regterhand van God verhoog tot ’n posisie van gesag bo almal en alles (Matteus 28:18).

Maar daar is ’n verskil in die manier waarop skepsels hulle aan die gesag en heerskappy van Christus onderwerp en dus op die manier waarop hulle met God versoen is:

Aan die een kant onderwerp die slegte engele (demone) en slegte mense hulle met teësin en heeltemal onvrywillig. In hulle geval word die vrede (harmonie) op hulle afgeforseer, maar nie deur hulle verwelkom nie. Hulle is in beginsel ontwapen en uit hulle mag ontset (weggejaag) (Kolossense 2:15). Hulle is onderworpe (1 Korintiërs 15:24-28; Efesiërs 1:21-22). Die satan sal spoedig verpletter word (Romeine 16:20). Alle kwade planne word voortdurend met goeie planne oorstem (Romeine 8:28)!

Aan die ander kant onderwerp die goeie engele en gelowiges hulle gewillig, ywerig en met vreugde! Hierdie gesag en mag van Jesus Christus lei onmiddellik tot die nuwe heelal en die nuwe aarde waar alleen geregtigheid sal heers (2 Petrus 3:14; Openbaring 21:1).

- 5:13-14. Besef dat die sonde van Adam my as natuurlike mens in die wetlike staat (posisie) van veroordeling (verdoemenis) gebring het. Die oortreding van Adam maak my verlossing (bevryding) 'n absolute noodsaaklikheid! Maar besef ook dat die geregtigheid van Christus (deur sy dood en opstanding in my plek verwerf) my as 'n gelowige in Jesus Christus in die wetlike staat (posisie) en toestand van geregtigheid (vryspraak) gebring het. Die gehoorsaamheid van Christus maak my verlossing absoluut seker! Die dood en opstanding van Christus het my verlossing verwerf en heeltemal veilig gestel!
- 5:17-19. Wees heeltemal oortuig dat die genade van God wat deur Jesus Christus gekom het, triomfeer oor die sonde van mense wat deur Adam gekom het. Wees heeltemal oortuig God meer vreugde het om genade te skenk as om 'n oordeel te vel.
- 5:20. Gebruik die wet (byvoorbeeld “die Tien Gebooe” in die Bybel om beter te verstaan wat “sonde” is en beter te verstaan hoe sondig mense in hul natuurlike staat is.

2. Voorbeelde van persoonlike toepassings uit Romeine 5:12-21.

Ek wil nie vergeet dat God nie alleen met mense omgaan *as enkelinge (individue) nie*, maar ook met mense *as deel van 'n gemeenskap* in hul solidariteit met Adam of met Christus. Ek verstaan dat hoe ek persoonlik leef nie alleen 'n effek op myself het nie, maar ook op ander mense, en in die besonder op my kinders.

Ek verheug my oor die feit dat die goeie invloed van God se genade in hierdie wêreld baie keer groter is as die slegte invloede van die sonde in hierdie wêreld! Die genade van God triomfeer oor die sonde van die mens. Ek wil bly onthou dat die heerskappy van God se genade in my lewe uitgedruk word deur my regverdiging (vryspraak) deur die geloof in Jesus Christus en deur geregtigheid in die wêreld te laat sien.

STAP 5. BID.

REAKSIE

MAAK BEURTE EN BID TOT GOD OOR ÉÉN WAARHEID WAARMEE GOD JOU AANGESPREEK HET in Romeine 5:12-21.

(Reageer in jou gebed op iets wat jy gedurende die Bybelstudie geleer het. Oefen jouself om kort te bid, bv. deur net één of twee sinne te bid. Elkeen in die groep sal oor verskillende dinge bid.)

5

GEBED (8 minute)

**[VOORBIDDING]
BID VIR ANDERE**

As *daar tyd is gaan voort met bid* in groepies van twee of drie persone. Bid vir mekaar en vir die mense in die wêreld (Romeine 15:30; Kolossense 4:12).

6

VOORBEREIDING (2 minute)

**[OPDRAGTE]
VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS**

Deel die voorbereiding vir die volgende byeenkoms uit op 'n stukkie papier of laat die groeplede dit afskryf.

1. Toewyding. Wy jou daaraan toe om steeds dissipels te maak, die gemeente van Jesus Christus op te bou en die Koningskap van Jesus Christus te verkondig.
2. Verkondig, onderrig of bestudeer die Bybelstudie uit Romeine 5:12-21 saam met 'n persoon of 'n klein groeple mense.
3. Persoonlike tyd met God. Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit **Psalm 31, 32, 33 en 34**. Maak gebruik van die uitgekose Bybelverses of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. Memoriserings. Mediteer en memoriseer die nuwe Bybelverses: **(8) Romeine 5:3-4**. Herhaal elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. Onderrig. Berei **die gelykenis van “die voorste plekke”** in Lukas 14:8-11 en **die gelykenis van “die Fariseër en die tollenaar”** in Lukas 18:9-14 tuis voor. Maak gebruik van die ses riglyne vir die uitleg van gelykenisse.
6. Gebed. Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. Hou jou aantekeninge op datum. Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memoriserings, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.